**22 Oktober** **Skrifgedeelte: Johannes 14:1-14**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 26**

## Jesus Christus – ons toegang tot God

Die lewe is ’n reis. Baie paaie sal jy aandurf. Soms is jy is op pad iewers heen, meer kere weg van iets af. Oor die roete van jou reis het jy dikwels nie ’n sê nie, maar wel oor die manier waarop jy dit gaan aflê. Moedig probeer jy jou pad gaan. Elke tree is ’n tree wat geneem moet word. Partykeer staan jy stil om terug te kyk, of vorentoe, staar jy oor die einders: Waarop moet dit tog uitloop? Dan, kop af, verder, die steiltes uit. By die pad wat vir ’n mens uitgemeet is moet jy jou neerlê.
So lewe alle mense tot hulle by die pad van ons Skrifgedeelte kom. Soos ander paaie beloof dit ook ’n beter toekoms, maar daar is tog ’n verstommende verskil. Hier is ’n pad wat hom BY JOU neerlê, aanpas by jou diepste nood. Vir jou ambisie is daar hoë kruine, vir jou behoeftes breë gelyktes. Wanneer jy moeg word is die pad skaduryk, wanneer jy bang of radeloos is, is dit helder verlig. Uiteindelik kom die pad by die kloof waar alle ander paaie doodloop, maar hierdie pad loop verder, want jou ware behoefte lê anderkant die kloof, by die vaste verblyf in die huis van die Vader.
Hoe ontroerend sien ons die nederigheid en diensbaarheid van Jesus Christus in ons Skrifgedeelte! Hy, die Seun van God, lê Homself neer as die weg vir sondaarmense (vers 60): “Ek is die weg die waarheid en die lewe.” Hy is die enigste weg na die Vader. Moet nie links of regs afwyk nie (Jes 30:21). Volg Hom!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*